# Teologiekroniek: Die “Nuwe Hervorming” en die Ortodoksie

C J Wethmar
(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

### The “New Reformation” and Orthodoxy

*A recent movement which became known as the New Reformation identifies itself, inter alia, by taking a very negative stance towards several aspects of traditional Christian orthodoxy while also finding the idea of orthodoxy as a way of giving expression to Christianity equally unacceptable. This attitude seems to be based on the perception that orthdoxy is legalistic, modernistic, metaphysical and ideological in nature. This article argues that the perception just mentioned renders an inadequate analysis of the phenomenon and substance of orthodoxy by not sufficiently taking into account its doxological character and the fundamental theological consequences thereof.*

## 1 DIE ORTODOKSIE VOLGENS DIE NUWE HERVORMING

Die term ortodoksie is ‘n enigsins ongewone woord in ons alledaagse spraakgebruik. Daarom is dit opvallend dat dit so dikwels voorkom in die bundel met die titel *Die Nuwe Hervorming* wat aan die einde van verlede jaar by Protea Boekhuis verskyn het (Muller 2002). Hierdie oorvloedige gebruik van die vermelde woord sou tot die vermoede kon lei dat die tema van die ortodoksie vir die Nuwe Hervorming nie ‘n newe-saak is nie,maar dat dit met die kern daarvan te make het. Hierdie vermoede word bevestig wanneer ‘n mens in die genoemde bundel die volgende uitspraak teenkom: “Wat die Nuwe Hervorming wil bereik, is om ‘n alternatief te bied vir diegene wat ‘n probleem ondervind met die ortodokse verwoording van die Christelike geloof. Die diskoers van die ortodoksie wat aangebied word as die enigste waarheid word verwerp. Die onderdrukkende en uitbuitende diskoerse word uitgedaag en alternatiewe word voorgestel” (Muller 2002:87).

Dit is onmiddellik duidelik dat die ortodoksie vir die Nuwe Hervorming van fundamentele belang is - uiteraard nie as ’n posisie wat voorgestaan word nie maar eerder as ‘n fokuspunt aan die hand

waarvan hy homself negatief oriënteer. Die gevolg is dat sowel die ortodoksie, as verwante begrippe soos *dogma* en *belydenisskrif,* in ‘n besonder negatiewe lig beskou word. Behalwe onderdrukkend en uitbuitend word die ortodoksie in die vermelde bundel ook outoritêr, primitief, arrogant en selfs dodelik genoem (Muller 2002:45,48,63, 87,221). Van die ortodoksie word verder gesê dat dit ‘n perfekte spieëlbeeld is van die tipies kapitalistiese mentaliteit van hoe kan ek die beste vir my daaruit kry (Muller 2002:86). Van ‘n milder toonaard, maar niks minder skerp nie, is die suggestie uit een van die ander bydraes tot die bundel dat die ervaring wat die jeug tans van die atmosfeer in die kerk het dit is wat in die gedig “Dogma” tot uitdrukking kom (Muller 2002:45). Die gedig lui soos volg:

Toe ek ‘n kind was, het ek gedog
die dinge is maar só
maar noudat ek ‘n man geword het
weet ek
dit is dogmadinge
wat mens doodmaak
binne

Die enkele voorbeelde wat ek gekies het sou ‘n hele paar maal vermenigvuldig kon word. Daar moet egter bygevoeg word dat die bundel uit twaalf bydraes bestaan en dat die standpunte en aksente van al die outeurs nie presies dieselfde is nie.

Dit is nie moontlik om al die standpunte hier afsonderlik te beskryf nie. Wat ek egter wel wil doen is om die besware wat die bydraers tot die bundel gemeenskaplik teen die ortodoksie het met ‘n paar sleutelterme saam te vat om daarna te probeer vasstel waarom hulle hierdie besware het.

## 2 BESWARE TEEN DIE ORTODOKSIE

### (a) **Legalisme**

‘n Eerste beswaar teen die ortodoksie is dat dit wettisisties is (Muller 2002:44). Dit sou dan beteken dat die tradisionele kerklike geloofsverwoording outoritêr afgekondig word as onbetwisbare waarhede wat op onkorrigeerbare sekerhede aanspraak maak en wat onnadenkend gehoorsaam moet word (Muller 2002:48). Dit kan sekerlik nie ontken word dat daar fases en voorvalle in die kerkgeskiedenis geïdentifiseer kan word waar die geloof inderdaad tot legalisme gereduseer is nie, maar waar dit gebeur het, het ‘n deformasie van

die kerklike ortodoksie ingetree wat sonder twyfel om ‘n hervorming roep. So ‘n hervorming, meen ek egter, behels die suiwering van die ortodoksie en nie die opheffing daarvan nie.

(b) **Modernisme**

‘n Tweede beswaar wat teen die ortodoksie ingebring word, is dat dit modernisties is – modernisties in die sin dat dit hom bedien van ‘n universeel gelykgestruktureerde rasionaliteit. Op grond hiervan sê die Nuwe Hervorming dan dat die ortodoksie ewigheidsaansprake maak en ‘n versmorende eenheidsdenke tot stand bring. Persoonlik het ek die indruk dat wanneer die Nuwe Hervorming hierdie beswaar opper hulle eerder ‘n dogmatiek-sisteem in gedagte het soos dié wat gedurende die sewentiende eeu in die tydperk van die sogenaamde Na-reformatoriese Ortodoksie ontwikkel het. Maar ‘n dogmatiek-sisteem is iets heeltemal anders as die ortodoksie waarin die kerk oor die eeue heen sy geloof bely. Teen die eensydige intellektualisme van die Na-reformatoriese Ortodoksie van die sewentiende eeu het die breë Reformatoriese tradisie steeds gestry deur naas die kennis-element ook die ervarings- en eksistensiële beslissingselement van die geloof te beklemtoon (Wethmar 2002:253).

Maar daar is nog ‘n verdere gesigspunt wat met die modernisme-beswaar van die Nuwe Hervorming saamhang en dit is dat die rasionalistiese karakter van die ortodoksie tot gevolg sou hê dat geloofsuitsprake steeds uitsluitlik van ‘n kognitief-proposisionele aard sou wees (Lindbeck 1984:16). Met kognitief-proposisioneel word bedoel dat duidelike kennis-uitsprake gemaak word oor ‘n werklikheid wat buite die kensubjek geleë is. Hierteenoor sou die Nuwe Hervorming ‘n benadering verkies wat eerder eksperiensieel-ekspressief genoem kan word (Lindbeck 1984:31-32). Daarmee word bedoel dat geloofsuitsprake die uitdrukking is van subjektiewe geloofservaringe wat die gelowige het. En van hierdie ervaringe hoef die Christendom nie die eksklusiewe uitdrukking te wees nie. Daar kan goedskiks ook ander geldige uitdrukkinge van wees soos, byvoorbeeld, vergestalt in ander godsdienste. Oor wat hierdie eksperiensieel-ekspressiewe uitsprake beteken kan en moet daar steeds ‘n openbare debat wees. Met hierdie oortuiging hang die gedagte van die Nuwe Hervorming saam dat ‘n mens nie onderskeid moet maak tussen regte en verkeerde geloofsuitsprake nie. Enige moontlike antwoord is toelaatbaar as antwoord op Jesus se bekende vraag in Matteus 16 “Maar julle ... wie sê julle is Ek?” (Muller 2002:56).

(c) **Metafisika**

Die derde beswaar wat die Nuwe Hervorming teen die ortodoksie inbring, hang saam met hulle eksperiensieel-ekspressiewe benadering tot die geloof. Hulle is oortuig daarvan dat binne 'n postmoderne wêreldbeeld metafisiese geloofsuitsprake nie moontlik is nie. Met hierdie oortuiging hou verband hulle opvatting dat die personaliteit en transendensie van God nie meer gehandhaaf kan word nie, maar deur 'n panenteïsme vervang moet word, dat die Bybel nie meer as Woord van God kan funksioneer nie en dat elke formulering van die tradisionele belydenisskrifte vir hulle problematies geword het (Muller 2002:137).

(d) **Ideologie**

'n Laaste beswaar wat die Nuwe Hervorming teen die ortodoksie inbring, is die ideologiese geladenheid daarvan. Soos reeds aangedui word die ortodoksie beskou as 'n perfekte spieëlbeeld van die tipies kapitalistiese mentaliteit van "hoe kan ek die beste vir my daaruit kry?" (Muller 2002:86). Ook in hierdie geval sal dit nie moeilik wees om gevalle in die kerkgeskiedenis te vind waar 'n mens inderdaad die ideologiese beïnvloeding van die kerklike leer kan aandui nie. Maar die misbruik van die ortodoksie wat so gekonstateer word, hang nie met die wesenlike aard daarvan saam nie.

En die wedervraag sou natuurlik aan die Nuwe Hervorming gestel kon word of sy aandrang daarop dat die mens en sy wêreldbeeld finaal bepaal wat leerstellig aanvaarbaar is en wat nie, nie self ook 'n sekere ideologiese karakter dra nie om van die moontlike belange-geladenheid van die dikwels sensasionele wyse waarop die oortuiginge van die Nuwe Hervorming in die openbare pers funksioneer nie eers te praat nie.

## 3 HERKOMS VAN DIE BESWARE

Nadat kortliks gekyk is na die besware wat die Nuwe Hervorming teen die tradisionele kerklike ortodoksie inbring, is die volgende vanselfsprekende vraag dié na die herkoms van hierdie besware.

(a) 'n Eerste gesigspunt wat in hierdie verband genoem kan word, is nie soseer 'n rede vir hierdie besware nie, maar eerder 'n aanleidende faktor daartoe. En dit is die feit dat die Nuwe Hervorming 'n publieke en nie 'n kerklike teologie beoefen nie. Die debat oor die sogenaamde Nuwe Hervorming speel nie primêr in die Christelike geloofsgemeenskap af nie, maar in die openbare pers. Die basis vir

aanvaarding is nie die Bybel as geloofsverkondiging of die kerklike tradisie-proses nie, maar die publieke konsensus, asook die belange van die pers en die individuele gespreksdeelnemers. Vandaar dat hierdie gesprek ook ‘n duidelike kerkkritiese karakter dra. Die basiese bedoeling is nie geloofsoordrag nie, maar die vryblywende uitwisseling van gedagtes.

(b) ‘n Tweede faktor in die herkoms van die besware wat die Nuwe Hervorming teenoor die kerklike ortodoksie uitspreek, hang saam met die doelbewuste anti-metafiese uitgangspunt van hierdie beweging. Die beslissing dat die post-moderne wêreldbeeld noodwendig ‘n anti-metafisiese teologie meebring het ‘n bepalende invloed op hierdie hele projek. Dit lei nie alleen tot die afwysing van die oortuiging dat die Heilige Skrif die Woord van God is nie, maar ook tot die afwysing van kernelemente van die tradisionele Christelike geloof soos die transendensie van God en die liggaamlike opstanding van Christus. In die lig van hierdie ontwikkeling is ek oortuig daarvan dat die herwinning en handhawing van die metafisiese dimensie een van die dringendste take is van die teologie van ons tyd. Sonder ‘n transendente verwysingspunt bly geloofsuitsprake niks meer as subjektiewe projeksies of gemeenskapsideologieë nie (Kasper 1990: 189).

## 4 DIE AARD VAN DIE ORTODOKSIE

Ek wil afsluit met ‘n paar opmerkinge oor hoe ek meen op die negatiewe opvatting wat die Nuwe Hervorming oor die ortodoksie het geantwoord kan word. Volgens die Nuwe Hervorming is die ortodoksie dié vergestalting van die Christelike geloof wat in ‘n postmoderne tyd nie langer gehandhaaf kan word nie. Hulle sien dit as ‘n agterhaalde sisteem van verouderde geloofsuitsprake wat met outoritêre gesag op onnadenkende en goedgelowige Christene afgedwing word (Muller 2002:87).

Persoonlik meen ek nie dat die ortodoksie iets so staties is as die intellektualisme en legalisme wat die Nuwe Hervorming voor oë staan nie (McGrath 1997:75). Ek sien dit veeleer as iets dinamies en lewend. Dit ontspring aan die verhouding tussen God en die gelowige. Die *doksa* wat in die ortodoksie ter sprake kom, is nie alleen kennis nie, maar ook eer. Ortodoksie beteken nie alleen regdenkenheid nie, maar ook regroemendheid (Rossouw 1973:204). Ortodoksie is ten diepste altyd ook doksologie. Die diepste motief van die kerklike leer is om God te eer. ‘n Mens kan God nie reg eer as jy nie

weet wie Hy is en wat Hy doen nie. En omgekeerd kan jy ook nie weet wie God is, as jy nie met Hom in ‘n verhouding staan en Hom eer nie. En dit is van hierdie soort geloofsuitsprake dat Luther gesê het “hef die sekere geloofsuitsprake op en jy het die Christendom opgehef”(Steck 1963:124). Om oor die eeue heen die geloofsdinge reg te sê moet hulle soms anders gesê word maar dan altyd op so ‘n manier dat ‘n mens nie ander dinge sê nie. *Nove dicere sed non nova* is ‘n spreuk wat Vicentius van Lerinum reeds in die vyfde eeu gemunt het (Wethmar 1977:37). Daarby moet in gedagte gehou word dat ortodoksie en belydenis nie maar net ‘n kwessie van keninhoude is nie. Dit gaan daarin ook om die wyse waarop ‘n mens se verhouding met God verwerklik word. ‘n Mens glo nie maar net jou belydenis nie, maar jy doen dit so dat jy daarin ook jou geloof bely. En dit is ten diepste ‘n geestelike gebeure. Daarom skryf Paulus in 1 Korintiërs 12:3 dat niemand kon sê dat Jesus die Here is behalwe deur die Heilige Gees nie. En wanneer Jesus in die bekende Mattheus 16:15 aan sy dissipels vra “Maar julle ... wie sê julle is Ek?” is dit nie die legitimering van enige willekeurige antwoord nie. Dit roep die eerste Christelike geloofsbelydenis op waarvan Jesus dan sê “Gelukkig is jy, Simon Barjona, want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie maar my Vader wat in die hemel is” (Matt 15:17). Die ortodoksie is in laaste instansie niks anders as die wyse waarop die Skrif sy gesag in telkens nuwe omstandighede laat geld nie. En dit is nie ‘n onderdrukkende gesag nie, maar die gesag van die vryheid.

## Literatuurverwysings


Kasper, W. 1990. Postmodern dogmatics: Toward a renewed discussion of foundations in North America, *Communio* 17, 181-191.

Lindbeck, G A 1984. *The nature of doctrine. Religion and theology in a postliberal age.* Philadelphia: Westminster.

McGrath, A E 1997. *The genesis of doctrine. A study in the foundation of doctrinal criticism.* Grand Rapids: Eerdmans.

Muller, P (red) 2002. *Die nuwe hervorming.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Rossouw, H W 1973. Doksologie, ortodoksie en ekumene, in J T Bakker et al (reds). *Septuagesimo anno. Theologische opstellen aangeboden aan prof dr G C Berkouwer.* Kampen: Kok.

Steck, K G 1963. *Lehre und Kirche bei Luther.* München: Kaiser Verlag.

Wethmar, C J 1977. *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopi.

-, 2002. Die NG Kerk en gereformeerdheid: gestalte en uitdagings, in *Verbum et Ecclesia* 23(1), 250-256.